

3 Februarie

Skrifgedeelte: Matteus 13:53-14:12

### 'n Gewete wat pla oor 'n moord

Herodus Antipas se gewete het hom baie gepla. Tydens 'n wilde verjaarsdagpartytjie het hy en sy gaste so baie gedrink dat hy nie nugter kon dink nie. Sy vrou, Herodias, het Johannes gehaat omdat hy vir Herodes tereggewys het. Johannes het aan hom gewys dat hy nie met sy broer se vrou 'n verhouding mag hê nie. Hierdie verhouding het op 'n huwelik uitgeloop. Hieroor het sy hom gehaat en op 'n slinkse manier sy dood veroorsaak. Toe Herodus en sy gaste baie vrolik was, het sy haar dogter vir hulle laat dans. Herodus was so in sy skik met haar dat hy haar enigiets belowe het. Haar ma het gesê dat sy graag Johannes se kop wou hê. So het Johannes dan aan sy einde gekom.

Maar Herodus se gewete het hom bly pla. Daarom het hy, toe hy van Jesus hoor, gedink dit is Johannes wat uit die dood opgestaan het.

Jou gewete kan jou tot raserny dryf as jy nie na God luister nie. Jou gewete kan ook die stem van God wees as jy na Hom wil luister. Daarom moet ons na God gaan met al ons sake. Ons moet ons sondes en vreugdes, pyn en hartseer, asook ons bekommernisse biddend voor God lê. Vir die gelowige sal daar uitkoms kom – op God se manier. God is groter as ons gewete. Hy weet of daar opregte berou is en Hy sal die vrede gee wat alleen by Hom te vinde is.

*Sing: Psalm 116:1*

*Ds GS Kruger (Centurion)*